Laerskool P.A.M. Brink

Tel: (011) 811-1880 / (011) 811-1881 Faks: (011) 811-1882
www.pambrink.co.za
info@pambrink.co.za

Posbus 13235
Geduld
1562

CNR 4th & 6th Avenue
Geduld
Springs

Omsendskrywe 14/2018 17 Julie 2018

Geagte Ouers/Voogde,

Hoop u het die wintervakansie geniet. Sterkte vir die akademie, kultuur- en sportbedrywighede wat voorlê.

Hier volg die nodige reëlings vir die kwartaal.

SPORT

- **Mini-Hokkie**

  Oefentye: 0/6 – 0/8 13:10 – 14:00 Dinsdag – Donderdag
  0/9 14:00 – 14:45 Dinsdag – Donderdag

  Dogters wat wil speel moet hul eie stok, "shin pads" en "gum guards" hê. Die oefening begin môre, 18 Julie 2018.

- **Landloop**

  Oefentye: 13:45 – 14:30 Dinsdag – Donderdag (Oefening voor die Gr 1 klasse)

  Die leerders wat belangstel om deel te neem, moet asb. 'n brief by Me Buys gaan afhaal. Die oefening begin môre, 18 Julie 2018.

  Landloop byeenkomste is as volg: 25 Julie 2018
  1 Augustus 2018
  15 Augustus 2018

- **Krieket**

  Spanne begin oefen vanaf Maandag, 23 Julie 2018. Die 1ste span oefen soos gereël deur afrigter.

- **Hokkie**

  Oefentye: 0/10, 0/11, 2de 13:50 – 15:20 Maandag - Donderdag
  1ste 15:30 – 17:00 Maandag - Donderdag

KULTUUR

- **Koor**

  Oefentye: 14:00 – 14:30 Dinsdae

  Die oefening begin 24 Julie 2018.

- **Bybelvasvra**

  Oefentye: 14:00 – 14:30 Woensdae & Donderdae

  Die oefening begin 25 Julie 2018. Leerders moet dan die gelese gedeeltes ken.

SKOOLTERREIN

Ons wil graag al die Beheerliggaamlede, en ouers bedank wat gedurende die vakansie die tydelike klaskamers opgradeer het.

Die Graad R badkamers is herbou en dit sou nie moontlik gewees sonder ons borge en hulp van Beheerliggaam en personeellede nie.

Baie dankie aan almal wat die skool se belange so na aan die hart dra.

TOP 10

Die Top 10 leerlinge word Maandag, 23 Julie 2018 aangekondig tydens die saalopening.

KWARTAALPROGRAM

Die kwartaalprogram is aangeheg vir vinnige verwysing. U sal ook al die belangrike datums op die kommunikeerder asook webblad vind.

MNR A JANSEN VAN RENSBURG
SKOOLHOOF